# die Wapad

DEEL XV | VRYDAG, 21 AUGUSTUS 1959 | Nr. 12

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


# Wat is ons Universiteite?

SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE HET NOG NIE WERKLIKE UNIVERSITÊRE STATUS BEREIK NIE, WAS DIE STANDPUNT WAT DIE DRIE PUK-REDENAARS, MNRR. HENNIE VAN DER WALT, JAN BONESCHANS EN MEJ. WOUDA TOXOPEUS, VERLEDE VRYDAGAAND IN 'N INTER-UNIVERSITÊRE DEBAT TEEN DIE TUKKIES GESTEL HET.

Die drie Pukke het gestel dat Suid-Afrikaanse universiteite eintlik super-hoërskole is, terwyl die Tukkie-redenaars, mnrr. Swart en Pelser en mej. Alta van der Merwe, die teendeel beklemtoon het.

Mnr. Hennie van der Walt het die Puk se standpunt ingelei, terwyl mnr. Swart, nagraadse student, Tukkies se saak eerste gestel het.

Die Puk se standpunt is in drie aspekte verdeel, naamlik: rypheid van die student, wyse van doseerwerk en die buite-klas verhouding tussen studente en dosente.

Die Pukke was dit eens dat studente aan Suid-Afrikaanse universiteite nie ten volle die geleentheid het om selfstandig te studeer nie. Van selfstudie kom veels te min tereg en navorsing deur studente bly grootliks 'n droom van dosente. Dosente se aandeel in hierdie onselfstandigheid van studente is deur al drie sprekers aangetoon.

Die Tukkies aan die ander kant het probeer aantoon dat ons universiteite wel beantwoord aan die behoeftes van die land en dat Suid-Afrikaanse studente goed vergelyk met oorsese studente. Ten opsigte van selfstudie en navorsing was hulle reëlreg in stryd met die Puk en daarop gewys dat referate niks anders is as selfstudie nie en dat waardevolle navorsing deur studente gedoen word.

Uit die bespreking wat daarop gevolg het, het geblyk dat die Puk se standpunt die meeste byval by die gehoor gevind het. Die Puk het dan ook as oorwinnaars uit die stryd getree.

Vir die Pukke was dit 'n voorreg om teen Tuks te kon debatteer en hulle sal die vriendelikheid en gasvryheid nie gou vergeet nie.

## LESING

**Prof. dr. J. Waterink van die Vrije Universiteit, Amsterdam, tree op Woensdag, 26 Augustus om 7.30 nm. in die Hoofgebousaal op met 'n lesing oor Vryheid en Verantwoordelikheid voor die wysgerige vereniging.**

**Alle studente en lede van die publiek is welkom.**

# Geleerdes Besoek Potchefstroom

Sewe buitelandse geleerdes besoek die Potchefstroomse Universiteit binne die volgende twee maande. Sommige onderneem studiereise om toestande aan Suid-Afrikaanse universiteite te ondersoek terwyl ander lesings gee kragtens 'n uitruilskema tussen universiteite.

Prof G. McLeod Bryan, hoogleraar in die Christelike en Sosiale Etiek aan die Wake Forest College in Noord-Carolina, V.S.A., het die universiteit die afgelope week besoek. Hy onderneem 'n studietoer wat al die universiteite van Afrika insluit. Hy het reeds universiteite in Egipte, die Federasie, Abessinië en die Soedan besoek. Na sy besoek aan Suid-Afrika vertrek hy na Wes-Afrika.

Prof. Bryan ondersoek die beginselgrondslae van die verskillende wetenskappe en verklaar dat daar die afgelope tyd baie belangstelling vir die godsdienstige grondslae waarop elke wetenskap rus, bestaan.

Prof. Clinton Rossiter van die Universiteit Cornell, V.S.A., het die P.U. verlede Donderdag en Vrydag besoek. Hy is 'n gesaghebbende op die gebied van staatsleer en het al heelwat publikasies die lig laat sien. Vrydagaand het hy opgetree met 'n lesing oor **American Presidency.**

Kragtens 'n uitruilskema met die Vrije Universiteit van Amsterdam sal prof. dr. J. Waterink, bekende sielkundige en opvoedkundige vir meer as 'n maand hier vertoef, en verskeie lesings op sy vakgebied lewer.

In September volg die besoek van prof. S. U. Zuidema, hoogleraar in die wysbegeerte aan die Vrije Universiteit. Nog twee buitelandse geleerdes sal die departement van Engels aan die universiteit besoek. Hulle is prof. R. F. Hough, 'n Amerikaanse letterkundige, en mnr. Richard Church, die bekende Engelse skrywer.

Prof. V. D. Hopper, 'n fisikus van die Universiteit Melbourne, Australië, word binnekort verwag. Hy doen navorsingswerk na kosmiese bestraling en besoek die P.U. omdat die belangrikste kosmiese navorsingswerk tans aan hierdie universiteit onderneem word.


Tomstraat 90A

Fotokuns

U FIRMA VIR FOTOGRAFIE

Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM

Kom besigtig ons

**GRAMMOFOONPLATE**

STEREOFONIES GEDEMONSTREER

**Kunsvlytafdeling**


# GESLAAGDE OPVOERINGS

Die drie toerliggame van die P.U. vir C.H.O. het met hulle aanbiedinge gedurende die kunsfees van die A.B.K.K. deurgaans 'n hoë standaard gehandhaaf en die gunstige verslae oor hulle uitvoerings gedurende die vakansie bevestig.

Thalia se opvoering is gekenmerk deur spontane studentehumor en briljante toneelspel. Die besondere wyse waarop die verkiesingsgeesdrif van **Kandidaat van Bommel** gelokaliseer is, het die lagspiere van die gehoor voortdurend geprikkel.

Die Alabama-orkes het 'n geslaagde verskeidenheidsprogram aangebied, uitnemend geskik vir plattelandse gehore. Met groot variasie en treffende skerts is die gehoor deurgaans geboei.

Tegnies was die program van die Musiekvereniging fyner afgewerk en van 'n ernstiger aard as die van die ander twee toerliggame. Die program wat daarop ingestel was om plattelandse gehore meer musiekbewus te maak, het wel deeglik in sy doel geslaag.

'n Geslaagde volkspelesaamtrek Vrydagaand was deel van die feesprogram.

Die hoogtepunt van die week is Saterdagaand bereik met 'n uitvoering deur die S.A.U.K.-simfonie-orkes onder leiding van Anton Hartman—'n uitvoering wat musiekliefhebbers ure van louter oorgawe verskaf het.

# VAN BOMMEL BEKOOR GEHOOR

Thaliatoneelvereniging het verlede week met sprankelende toneelspel die A.B.K.K.-Kunsfees ingelei en die gemoedelike skerts en humor van die **Kandidaat van Bommel** aan die gehoor op oortuigende wyse oorgedra.

Thalia moet gelukgewens word met hul keuse van hierdie blyspel wat uitstekend geskik is vir vertolking deur studente, want hierin kon hulle hul potensialiteit ten volle ontplooi.

Die twee hoofspelers, Dries Yssel en Bets Coetzee (mnr. en mev. Van Bommel), het die grootste aandeel in die geslaagdheid van die opvoering gehad.

Dries Yssel het sy rol met groot oortuiging gespeel en die komiese element op tipiese Charlie Chaplin-wyse tot 'n hoogtepunt gevoer. Hy was die middelpunt en dryfkrag in die hele opvoering en het sy rol uitstekend vertolk. Met rustige en oortuigende toneelspel het Bets Coetzee die diplomatiese optrede van mev. Van Bommel—'n rol wat hoë eise aan enige speelster stel—tot hoogtes gevoer.

In die ondersteunende rolle het Van Bommel se twee dogters—twee bakvissies vir wie die liefde belangriker is as die politiek—goeie spel gelewer. Baie geslaagd was Christo van Vuuren se tiperende vertolking van die arbeider Roeltjies met sy liefde vir sjampanje in die oorwinningsoomblik.

In die bombastiese rol van Donker het Hannes Els hom uitstekend van sy taak gekwyt terwyl Piet Bingle, die geslepe notaris, op weldeurdagte wyse gespeel het.

Die geesdriftige en reklame-agtige voorsitter van die politieke party, Piet Venter, het sterk spel gelewer en is goed ondersteun deur sy ewe geesdriftige sekretaris, Johan Muller.

Ettienne Stassen was as dominee Langelaan 'n tipiese verteenwoordiger van die outoritêre, plattelandse predikant. Casper Venter en Petrie Coetzee het die rol van oorywerige aanstaande skoonseuns geslaagd vertolk. Nic Laubscher was die tipiese advokaat wat deur niks in die wêreld gestuit kan word behalwe sy oortuigings nie en Estie van der Walt het met waardige gedienstigheid die rol van huisbediende vertolk.

Met hierdie uitvoering het Thalia die gehoor deurgaans geboei en met 'n gevoel van verryking en voldoening gelaat.

## Professor Reis 16,000 Myl

Prof. J. A. Grové van die fakulteit van ekonomiese wetenskappe het pas teruggekeer van 'n besoek aan Europa. Prof. Grové het in drie weke meer as 16,000 myl afgelê, waarvan 2,000 per motor was.

Prof. Grové het Holland en Duitsland besoek. In Holland het hy ondersoek ingestel na die rekenkundige stelsel van 'n groot motorsaak.

Wat hom veral in Duitsland getref het, was die doelgerigtheid waarmee daar gewerk word. Arbeiders verrig hulle werk met lus omdat hulle besef dat dit in hulle eie voordeel geskied.

Die verdeling van Duitsland in twee dele na die Tweede Wêreldoorlog is 'n bron van groot ontevredenheid en die gewone mense begeer 'n herenigde Duitsland. Allerlei ekonomiese, godsdienstige en ander faktore lê egter in die weg van hereniging, aldus prof. Grové.

In antwoord op die vraag wat die vergelyking van Suid-Afrika se ekonomiese toestande met dié oorsee is, het prof. Grové geantwoord dat ons beslis nie agter staan nie. Ons nywerhede is slegs op veel kleiner skaal ingerig as oorsee, in ooreenstemming met ons land se ontwikkeling.

## PERSONEEL

Dr. B. C. Strydom het onlangs diens aanvaar as lektor in die departement Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Statistiek aan die Potchefstroomse Universiteit. Dr. Strydom het in Mei in Wiskunde aan die Universiteit Leiden onder prof. A. C. Zaanen gepromoveer.

Hy het in 1955 die meestersgraad in Wiskunde aan die P.U. behaal nadat hy in 1950 die matriekeksamen aan die Hoër Volkskool op Heidelberg met onderskeiding in vyf vakke geslaag het: wiskunde, biologie, natuurwetenskap, Afrikaans en Duits.

Benewens 'n aantal nuwe vaste personeellede, is daar ook twee persone wat tydelik aangestel is. Mnr. H. Weigert is locum tendens vir dr. H. J. Schutte wat oorsee studeer. Mnr. Weigert het sewe jaar lank in Leiden studeer, vanwaar hy sopas teruggekeer het. Hy het sy M.Sc.-graad in wiskunde in 1942 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en was daarna lektor in wiskunde aan die Witwatersrandse Universiteit, totdat hy in 1952 na Leiden vertrek het.

Mnr. J. Potgieter neem waar in die plek van mnr. A. W. Wegelin wat ook oorsee is. Mnr. Potgieter het 18 maande lank musiek in Wene studeer deur bemiddeling van 'n beurs wat hy van die Universiteit van Suid-Afrika ontvang het in 1957. Hy was voorheen verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch nadat hy sy studies aan die Witwatersrandse Universiteit voltooi het.

**Geen Verwarmers toegelaat?!**
Ontsteek 'n hopie
KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van
**Stander & Linder**
Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367
in u kamer!





**AITSA!**
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere by—
**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.

**J. du Raan**
HORLOSIEMAKER EN JUWELIER
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. E'rth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
KERKSTRAAT 161
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE



**JANET says:**
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**

**Op pad . . .**



na
**GEEN & VELLEMAN**
vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
**Kerkstraat 178.**

**PUKKE.....**



Vir julle BLERKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
**W. J. SPAVINS en SEUN**
Kerkstraat 101 Tel. 185



DIS FEESTYD
MET
**TURKSTRA**
SE GEBAK!

**Adverteer in DIE WAPAD**

# Hier op die P.U.K.-gronde

Party mense kon nie meer wag tot dit lente word nie en het sommer sieto-sieto gekys. Een van hierdie gevalle is 'n Suidwes-kys—Alabama-toer se dinge. Ons praat natuurlik van **Martin van der Walt** en **Atti van van der Lecq** wat onlangs gesellig gekys geraak het.

**Piet Bingle** dra Thalia so op die hart dat hy nie oor sy hart kon kry dat net Alabama kyste oplewer nie. Hy en **Marianne Stigling** het besluit om saam-saam Thalia se naam hoog te hou en het gekys.

Omdat ousus Alet verloof is, het **Breggie van Rooy** besluit dat dit nou darem ook tyd word dat sy iets doen. **Gert Snyman** het haar so mooi gehelp dat sy nou 'n gekysde dame is.

**Boet Duvenhage** het bewys dat 'n paar jaar se afwesigheid van die Puk darem nie al mens se vaardigheid ontneem nie. Hy het **Estie van der Walt** (van Piet Groblerhuis) skoon oorrompel met 'n kys as gevolg.

Die mans word aangeraai om bietjie te gaan kyk na die Judo-oefeninge in die Studente-saal .Daar is dames wat vaardig raak en in die toekoms vermy moet word. Die mans moet o.a. baie versigtig wees met **Loekie van der Schyff, Annette Kruger, Valerie de Villiers** en **Marietjie Conradie.**

**Toy Dannhauser** het gevra dat ons aan die dames duidelik moet stel dat daar geen waarheid steek in die berigte wat onlangs in die koerante verskyn het, nl. dat hy van sy spoed en vaardigheid verloor het. Hy verseker hulle hy is nog die Toy van ouds!

**Chris Bornman (jnr.)** en **Yvonne Boshoff** is gekys. Chris wou Yvonne se foto in DIE WAPAD plaas, dan al die WAPAAIE koop en die foto's teen sy muur hang, maar die gedagte dat meer mense in die rigting mag dink, het hom van besluit laat verander.

**Rina du Plessis** ontvang deesdae dik briewe van 'n (ongetroude) magistraat uit Kaapland. Op 'n toer brei mens darem jou vriendekring baie uit, of is hy dalk nie meer net 'n vriend nie? Ons wag in spanning!

**Louisa van der Vyver** het onlangs beweer dat sy nie kys nie. Sy het glo nie 'n „spykerlisensie" nodig nie, sy gebruik sommer haar radio-lisensie. Miskien is dit die begin van beeldradio op die Puk?

**Hennie van der Walt** was die naweek op Pretoria. Daar het dames van oorsee teruggekom en hy het hulle ontmoet. Die S.R.-voorsitter het hierdie keer nie uitgestap nie!

Daar gaan glo nou parkeermeters op die Puk-gronde aangebring word, maar nie by die geelstrepe nie. Die Puk wil baie geld maak, en waar sal hulle meer maak as met parkeermeters by die spykerbankies? Dis seker om dié onkonste te bespaar dat **Hannes Els** deesdae elke aand 'n ander meisie sleep, want hulle sê my 'n mens gebruik nie 'n spykerbankie as jy 'n meisie die eerste keer sleep nie.

Ek sien vanjaar se **Pukkie** het Stellenbosch ook nou bereik. Hulle het **„Die Matie"** geweldig opgehelder met ons plaaslike grappies.

Een van die dae is dit eksamen— maar voor daardie tyd is dit eers lente—(!)

**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE
en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE,
SKRYFBEHOEFTES,
•
Langs Noordbrug-Poskantoor

**die wapad**

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode | 1566. |
| | en Frans van der Vyver | 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren | X041. |
| | en Bets Coetzee | 0013. |
| SPORT | Eddie van der Westhuizen | X041. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611 |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe | 19. |
| | en Marieke van der Merwe | 281. |
| TEGNIESE ADVISEURS | Gouws Oberholzer | 2162 |
| | en Henning Botha | X04? |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**VRYDAG, 21 AUGUSTUS 1959**



# REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

Met hierdie uitgawe word 'n bydrae tot die kunsfees van die A.B.K.K. gelewer. Vele feeste is in die jongste tyd georganiseer en oral gevier.

Dit is mooi en dit is alles nie sonder rede nie.

Studente vier ook fees—reël ook kunsfees. En doen so 'n bydrae tot kultuur en kultuurontplooiing.

Dit hoort so: 'n kunsfees moet verrykend wees: die wêreld van die met-die-gawe-tot-kunsskepping-bedeelde mens moet vir die minder bedeelde geopen word.

Daar was op die Puk opvoerings en uitvoerings. Daar was skerts, „lang" genietinge, studentehumor—borrelend uit die pure student-wees. Daar was erns, musiek—vir die fynproewer.

Dit was lofwaardig.

Maar, arrie nee, die kunsfees is ook gepootjie.

—Want 'n kunsfees sonder (kuns-)uitstallings en entoesiasme daarvoor is ondenkbaar.

Jammer tog . . .

Want watter heerlike bydrae kan die student met sy skerp waarnemingsvermoë en ondernemingsgees nie tot die kuns lewer nie.

Moedig die ou volkie minlik aan.

Omie waardeer die ou goetertjies al begryp hy dit nie.

—D.H.

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge

**Die Bult Apteek**

IS TOT U DIENS

Vlak onder u Neus

Tomstraat 86 Tel. 3091



**Unie-Bakkerye**

Posbus 244—Tel. 167 en 1086

Bakkers en Banketbakkers

BROOD, KOEK EN PASTEITJIES

KERKSTR. 60 — POTCH.

Spoorwegstr., KLERKSDORP

**CENTRAL CASH STORES SUPER MARKET**

Bespaar Geld!

ONS IS EERSTE MET DIE SELFBEDIENINGSKEMA

Bedien uself! Bespaar Tyd!

**SELFBEDIENING**

. . . en sien wat u koop. Hierdie is die moderne koers

Telefoon 164/1167 Wolmaransstraat 81

POTCHEFSTROOM



U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit

***ALF'S STUDIOS***

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432



**Claustrophobia?**

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —

KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

**Ondersteun Ons Adverteerders**

Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom

# FEESHOOGTEPUNT: Goeie Musiek

Die simfoniekonsert wat verlede Saterdagaand deur die S.A.U.K.-orkes in die Totiusgedenksaal aangebied is, het mooi hoogtepunte opgelewer, maar oor die algemeen het die fynere tegniese afronding ontbreek.

Die dirigent, Anton Hartman, het met fyn musikale begrip gedirigeer. Nogtans kon hy nie altyd daarin slaag om die orkes as gesamentlike klankliggaam te laat optree nie, omdat die orkeslede nie fyn genoeg ingeoefen was nie. Die swak en onsekere samespel in onder andere die Haydnsimfonie, het hiervan getuig.

Die uitvoering van die Brandenburgkonsert was baie teleurstellend aangesien die fluit as een van die solo-instrumente, te delikaat en temerig van toonkleur was. Die toonproduksie van die fluitspeelster was baie suiwer en soepel, maar het nie die nodige impetus gegee óf drakrag gehad nie. Dit is heelwaarskynlik as gevolg van die feit dat Eva Tamassy op 'n houtfluit wat bedoel is vir Kamermusiek, en nie op 'n metaalfluit gespeel het nie. Die orkes en die violis moes derhalwe hulle volume smoor en die klawesimbaal oorlaat tot algehele monopolie. Pieter de Villiers, die klawesimbaalspeler, het getuig van musikaliteit, ritmiese inslag en tegniese vaardigheid in sy spel.

Die Händelherdenkingsprogram het die hoogtepunt van die aand gelewer. Hier het die gesamentlike kore van die Potchefstroomse Volksteater en die P.U. Collegium Musicum onvergeetlike momente gelewer. Veral die baritonne en die basse in die koor verdien besondere vermelding, aangesien hulle die fundementele steunkrag aan die soprane gegee het en bygedra het tot die fyn balans tussen die stemme. Veral in die slotkoor uit die **Messias** het dit geblyk.

In die Psalmkantate het die soliste, Luther Backer (bariton), Gert Potgieter (tenoor) en Jossie Boshoff (sopraan), hulle baie goed gekwyt. Jossie Boshoff se sterk dramatiese sopraanstem was egter te swaar in verhouding met die ander stemme. Gert Potgieter, die bariton, se uitstekende sang in sy solo-aria en resitatief, het die seël op die geslaagdheid van die Psalmkantate geplaas.

In die Trompetsuite was daar 'n goeie samespel tussen die instrumente en die balans was goed. Die Trompetsuite stel baie hoë eise aan die trompetspeler en Claude Hepburn het 'n verdienstelike uitvoering gegee afgesien van die feit dat die toonproduksie in die hoë registers nie altyd so suiwer was nie.

Oor die algemeen was die simfoniekonsert baie verdienstelik, hoewel die koor en die orkes nie die hoë standaard bereik het wat verlede jaar gestel is nie.

**We must honour truth before friendship.—Aristoteles.**

## Fotografiese Uitstalling

'n Fotografiese uitstalling is sedert Woensdag in die Kafeteria gehou. Die algemene gehalte van die foto's was goed en veral die tegniese afwerking van sommige van die foto's verdien vermelding.

Die uitstalling het portret-, figuur-, en landskapstudies bevat. Die gemonteerde portretstudies van die ou dame en van die klein dogtertjie met die tydskrif was van hoogstaande kunsgehalte. Sommige van die landskapfoto's, veral die Kaapse landskappe, was treffend en tegnies goed afgewerk.

Jammer egter dat daar afbreuk aan die goeie gehalte van die foto's gedoen is deur die gekreukelde en slordig gedrapeerde lap as agtergrond.

## LOFWAARDIGE AANBIEDING

Met 'n lofwaardige aanbieding van hul toerprogram het die P.U.M.V. bewys gelewer dat hulle in hul doel om musiekwaardering en -bewustheid op te wek, geslaag het.

'n Goed versorgde program wat ryk aan variasies is, is aangebied. Die hoofdis was die koor onder leiding van Pieter de Villiers. Die koor het getuig van uitstekende afrigting en goeie inoefening. Veral die soprane het substansialiteit aan die uitvoering verleen. Onvoldoende asemhalingsbeheer het egter afbreuk gedoen, bv. in die agt Duitse liedere. Die groep gewyde liedere is goed vertolk, hoewel die ritme te temerig was. Die Afrikaanse volksliedjies is met spontaneïteit en goeie musikale aanvoeling gesing en het luide applous sowel as 'n toegif uitgelok.

Die solo-items was van hoë gehalte en heelwat nuwe talent is aan die dag gelê. Lydia Human met haar welluidende sopraanstem getuig van belowende talent. Die klavierduette was tegnies fyn afgerond en het musikaliteit openbaar. Die samespel in die klaviertrio was minder geslaagd aangesien die klavier en die viool die tjello gesmoor het. In haar klaviersolo het Laura van Soelen nie genoeg fisieke krag gehad vir die vleuelklavier nie. Die tjellosolo van Johan van der Merwe het getuig van goeie ritmiese inslag en sensitiwiteit.

Die smaakvolle en eenvormige kleredrag het die indruk van algemene afgerondheid verhoog.

## HUMOR EN SKERTS

Die Alabama-orkes het Woensdagaand 'n verskeidenheidskonsert aangebied en met ligte humor en egte studenteskerts aan die gehoor 'n paar uur van louter vermaak verskaf. Hierdie program moes deurgaans groot byval by plattelandse gehore gevind het.

Die programsamestelling van Alabama was egter te ryk gevarieerd om werklike hoogtepunte en kontinuïteit te bereik. Die samestelling was sodanig dat Rachmaninoff en Kreisler hulle nie tuis gevoel het tussen **Roll out the Barrel** en **Daar kom (gaan) die Alabama** nie.

Die sangsolo's en duette deur Bennie Bierman, Esmé van Rensburg, Lena Lotz en Nic Badenhorst het die populêre smaak bevredig met **Schenk man sich Rosen in Tirol, Luister na my Lied,** ens.

Die spitsvondigheid van Idyll van der Walt en sy oorspronklike „wit" saam met **„swaer"** Lou van Wyk, het gesorg dat die gehoor die program in ligte luim geniet.

Die volksdanse- en -spelegroepe onder leiding van die toerleier, Maarten van der Walt, is baie grasieus en fyn gespeel en met oorspronklikheid is aan bekende volksdansies nuwe lewe gegee. Verdere verskeidenheid is aangebring in die program deur 'n geslaagde komiese voordrag deur Trudie Gey van Pittius en Koos van Wyk met sy minlike en geselsende drapop.

Tussen **Daar kom die Alabama, Klawerkaperjolle, Kontinentale Ego's** en **Daar gaan die Alabama,** het die orkes onder leiding van Japie Arangies vir louter ontspanning gesorg en die gehoor weggevoer van dreigende akademiese aktiwiteite.



**DIENS!**

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

**Mooirivier-Apteek**

205. Kerkstraat Telefoon 380.

**REBA-KAFEE**

Tomstraat 88

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.

Drink die beste!

- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

S & S Drink

- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134

POTCH MINERAL WATERS

# PUK VERTOON SWAK

Die Pukke het verlede Saterdag op Olënpark een van hul minsverdiende oorwinnings dusver om die Neserbeker behaal toe hy hulle daarin geslaag het om die ligbloues van Strathvaal naelskraap te klop met ses punte (twee strafskoppe) teenoor vyf ('n doel).

Die Pukke se voorspelers kon net nie op dreef kom om die bal te bemeester in die lynstane sowel as die vaste skrums nie. Die skrums was veral die Pukke se doodsteek want hulle kon die bal slegs een keer van die vaskop af hak.

Die enkele kere wat die agterlyn in besit gestel is, was die Stilfonteiners se verdediging so heg dat die bewegings doodgeloop het.

Hoewel die spel baie streng deur die fluitjie beheer is, kan die Pukke se swak vertoning nie goedgepraat word nie. Slegs enkele kere was daar 'n opflikkering van die spel wat die Pukspan bo-aan die puntelys om die Neserbeker geplaas het. Gebrek aan ondersteuning, onsamehangende spel en die goeie skrumwerk van Strathvaal was faktore wat daartoe bygedra het dat die Puk 'n oorwinning kon behaal met 'n bitter nasmaak in die mond.

Die Puk se punte is behaal deur Toy Dannhauser en Lionell Phillips wat elk met 'n strafskop geslaag het.

## NAVY

Met die nederlaag teen Strathvaal vroeër vanjaar in die geheue, het Navy Saterdag in die hoofvoorwedstryd op Park amok gemaak en die mynspan oortuigend met 24—3 die loef afgesteek. Vier sekere drieë is egter as gevolg van swak hantering weggegooi en Strathvaal kan hulleself gelukkig ag dat hulle nie verder verloor het nie.

Rassie van der Westhuizen het met twee strafskoppe en drie vervyfskoppe twaalf van die vier en twintig punte aangeteken.

## FIRES

Nadat hulle met rustyd reeds 6—0 voorgeloop het, het Fires uiteindelik 'n oortuigende oorwinning oor Strathvaal III behaal met 17—0. Serfontein, die onder-negentien speler, het twee drieë vir die Pukke gedruk.


**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

**Kerkstraat 64 Telefoon 1280**

**SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!**







Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

*Rembrandt*

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONTSTUK

VRFA—51


# *Sportflitse*

- Fryhoff Albertyn het verlede week vir Wes-Transvaal se onder-21 span teen Oos-Transvaal tennis gespeel.

* * *

- Die tennisklub is oorgehaal vir die Wes-Transvaalse gemengde ligawedstryde wat in die tweede week in September begin. Die Puk sal deur twee spanne verteenwoordig word. Ons wens hulle alle sterkte toe!

* * *

- Die stoeiklub sal gedurende die laaste semester nog aktief wees. Wedstryde teen Henneman en P.O.K. is reeds gereël terwyl daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat 'n kragmeting teen Wits gereël sal word.

* * *

- Na Saterdag se intervarsitie tussen Tukkies en Wits is die Pukke vasberade om Tukkies se oorwinning te oortref wanneer hulle op 29 deser op Ellispark teen Wits op die veld draf.

* * *

- Die krieketspelers begin vere regskud, sal glo binnekort kolwe uitpak en penne inslaan.

**As jy met die onkunde van 'n ander spot, is jou kennis nie so uitgebreid dat jy jou eie onkunde besef nie.—Langenhoven.**

# P.U.-STOEIERS VAAR GOED

Op die Suid-Afrikaanse universiteite se stoeikampioenskappe wat vanaf 27 tot 29 Junie te Pretoria gehou is, het die Puk se stoeiers besonder goed gevaar en daarin geslaag om drie tweedeplekke te verower.

Weens 'n besering moes Poen Prinsloo hom vroeg reeds aan die toernooi onttrek terwyl die ander vier manne almal plekke verower het.

Veral Wynand Putter (weltergewig) was baie ongelukkig om nie kampioen van sy afdeling te word nie. Die ander twee tweedeplekke is behaal deur Kobus Yssel (kapokgewig) en Proppie Steyn (liggewig) terwyl Peet Kruger tevrede moes wees met 'n derde plek in die veergewigafdeling.

As in aanmerking geneem word dat die Puk se inskrywing die kleinste per universiteit was, het die manne besonder presteer.

**Praise is the best diet for us, after all.—S. Smith.**

* * *

**This world is a comedy to those that think, a tragedy to those that feel.—Walpole.**

* * *

**A life that is not questioned is not worth living.—Socrates.**

## Dameshokkie

Die P.U.-Dameshokkiespan gaan nog steeds voort met hulle oorwinnings. Oor die span van Dominion Reefs het hulle 'n maklike oorwinning van 10—1 behaal.

Woensdag 12 Augustus het dit teen die sterk span van Girls' High nie so maklik gegaan nie, maar tog het die Pukke 4—3 gewen. As die span van Girls' High nie so 'n besondere goeie doelwagter gehad het nie, kon die Pukke baie verder gewen het, want hulle het deurgaans op die aanval gebly.

In die Wedstryd op Saterdag 15 Augustus, het Puk vir Blyvooruitzicht 5—1 geklop. Die oorwinning kon groter gewees het, maar die Pukke, gewoond aan 'n vinnige grondbaan, moes die wedstryd op 'n stadige grasbaan speel.

Die verdediging sowel as die voorlyn het in al die wedstryde baie goed vertoon. Die kapteine, Estie van der Walt, het baie goeie spel gelewer, en ook is daar die ontdekking gedoen dat die hoofdame, Hermina van der Dussen, sommer 'n eersteklas doelskietster is. Die meeste doele is deur Albertha Howell geskiet.

Daar is baie veranderings in die tweedespan aangebring, maar tog het hulle spel van 'n goeie gehalte gelewer — Carletonville kon slegs daarin slaag om hulle 1—0 te klop.

# Tafeltennisspanne Seëvier

Twee tafeltennisspanne van die P.U. het op Woensdag aand 12 Augustus te Klerksdorp oorwinnings in hul onderskeie liga's behaal terwyl slegs een span die aftog moes blaas.

Die eerste span het die sterk Leon Lewisklub 10—0 uitgestof. 'n Uitblinker onder die Pukke se geledere was die veteraan, Johan van der Walt, wat sy ou vorm vinnig herwin.

Die tweede span was minder gelukkig en moes die stryd teen Klerksdorp I gewonne gee met 9—1. Die enigste Puk wat hier wedstrydpunte kon inoes, was Hoppie Roets.

Die derde span (wat op die oomblik los voor is in die liga) het hul segtetog voortgesit deur Klerksdorp III met 7—3 te klop. Manne wat besonder goed vertoon het, was Chris Bornman (snr.) en Joe Breytenbach.

## Hokkiespan Los Voor

Met nog vier wedstryde om te speel, loop die Puk se manshokkiespan tans los voor in die ligareeks. Na sestien ligawedstryde het hulle vyftien oorwinnings behaal en een wedstryd gelykop gespeel. Slegs dertien doele is teen hulle aangeteken terwyl hulle reeds vier en sewentig geslaan het.

Saterdag het hulle met een doel elk gelykop gespeel teen Goldfieldswes, verlede jaar se kampioene. Barry Pithy en Ben Potgieter het uitstekende spel gelewer. Die Puk se doel is geslaan deur André Muller.

## DRINGENDE HOOFLYN!

Die redaksie van die Pukkie van 1960 rig hiermee 'n dringende oproep aan die studentemassa. Die **Pukkie** is alergies vir stof—daar is 'n ernstige behoefte aan stof, geskrewe materiaal.

Inisiatief en oorspronklikheid moet by die samestelling die deurslag gee.

Om die **Pukkie** uit te gee, is stof nodig—stof van die egte soort met prikkelende studentehumor. En hierdie stof moet uit die massa waai en die **Pukkie** volwaai, hoe meer en hoe gouer hoe beter.

(Eerstejaars, beantwoord gou die oproep!—Onder-red.)


**Wat?**

Nog geen kamera om gebeure in u studentelewe te herlewe?

Of u sakgeld nou £1 15s. of £115 per maand is, ons kan altyd in u behoeftes voorsien.

En as u iemand van hierdie moderne eeu is, vertoon dan u kleurfoto's met 'n projektor van

**BEYERS CLAASSEN ATELJEE**

Agente vir Zeiss — Bolex — Rolleiflex — Revere — Kodak — Agfa

**Lombardstraat 52,**

**Tel. 455 POTCHEFSTROOM**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**